

10 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: ESRA 3
FOKUSGEDEELTE: ESRA 3:12**

Ek vind God in my sondebeseft

Israel is terug in hulle land na die ballingskap, maar kyk wat het oorgebly van die eens roemryke volk met hulle pragtige tempel! Dit is die volk wat eens vele vyande oorwin het. Nou is hulle gebreek, hulle is min, Jerusalem lê verwoes en die roemryke tempel van ouds moet van die fondasies af herbou word. Hoe hartseer om die letsels te sien wat ongehoorsaamheid op hulle gelaat het! Ja, as gevolg van ongehoorsaamheid aan God is hulle gebreek en Jerusalem en die tempel verwoes.

Baie van die oueres het hardop gehuil tydens die feesviering nadat die nuwe fundamente gelê is (vs. 12). Hoekom huil hulle? Hulle dink terug aan die glorieryke dae, toe hulle God se seën so mildelik beleef het. Hulle huil omdat hulle trots – God se woonplek – nou sowaar herbou moet word. Kyk wat was hulle, en wat het hulle sonde hulle gemaak (Ps. 38:5, berym): “Al my kwale en my plaë wek mishae ... Ag, hoe lelik is die wonde van die sonde as mens op sy dwaasheid merk!”

Die trane hou egter ook blydskap in, want die tempel word herbou!! Werklike bewustheid van jou sonde bring trane – die Heilige Gees werk dit in jou. Met hierdie leegheidsgevoel van jou sonde bring dieselfde Heilige Gees jou ook by die grootste herbou van jou lewe! Hy bring jou by die beleving van hoop en verlossing in Christus. Sondag 1 sê bewustheid van jou ellende bring jou by jou verlossing in Christus en ook by dankbaarheid. Wees bewus jou sonde en ontmoet God in sy herbouende verlossingswerk.

Sing: Psalm 38:15, 17

Ds Hennie Briel (Petrusburg/Boshof)